WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

Vrydag 27 Januarie **MATT 20**

Watse voordeel hou dit vir my in om die Here te dien (19:27–20:16)? (GELYKENIS VAN DIE ARBEIDERS) Die gelykenis gaan nie oor redding nie, want ons kan nie vir redding werk nie; dit gaan ook nie oor beloning nie, want ons ontvang nie almal dieselfde beloning nie. Die gelykenis antwoord Petrus se selfsugtige vraag in 19:27 *"Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?"* Die sleutel tot die verstaan van die gelykenis is dat die eerste werkers wat gehuur is, 'n kontrak geëis het en daarop aangedring het om te weet hoeveel hulle sou kry. Die ander werkers het die grondeienaar vertrou. As jy God vir 'n kontrak vra, sal jy net jouself beroof, want Hy is vrygewig met sy werkers. Wees getrou om jou werk te doen en vermy om die ander werkers dop te hou, en Hy sal mildelik met jou handel.

Wat wens jy (20:17–28)? Salome het Sy belofte onthou (19:28) en dit vir haar twee seuns geëis. Maar sy het vergeet wat Jesus sopas oor die kruis gesê het (20:17–19). Sy moes geweet het dat die enigste manier om te roem deur lyding is (1 Pet. 5:10). Jy bid nie vir 'n troon nie; jy betaal daarvoor. Pasop vir gebede met selfsugtige motiewe. Kyk wat sy vir haar seuns begeer het en kyk wat met hulle gebeur het: Jakobus was die eerste apostel wat vir sy geloof gemartel is (Hand. 12:1–2), en Johannes het groot beproewing as 'n Romeinse gevangene beleef (Op. 1:9).

Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen (20:29–34)? Hulle het geweet wat hulle wou hê, en hulle het Hom daarvoor vertrou. Weet jy wat jy wil hê as jy na Hom toe kom in gebed? Volhard jy al probeer ander jou ontmoedig? Wat 'n belofte het ons in Hebreërs 4:16 "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." Gryp dit in geloof aan!